# DIE LAS VAN 'N MA



'N FLIEKWEERGAWE VAN ELSA JOUBERT SE BEKROONDE *DIE SWERFJARE VAN POPPIE NONGENA* BRING DIE VERNIETIGENDE GEVOLGE VAN APARTHEID OP 'N INTIEME VLAK BY 'N MENS TUIS ...

Die besonderse *Johnny is nie dood nie, Kanarie* en *Die seemeeu* was toe bloot oefenlopies, blyk dit, vir die meesterlike *Poppie Nongena,* die regisseur Christiaan Olwagen se vierde en by verre beste fliek.

Ek begin by die begin, die openingstoneel. Die hele eetkamer is ligblou: die muurpapier, tafeldoek, servies en selfs Meneer se pak. Eintlik is die hele familie geklee in skakerings van blou, almal behalwe Mevrou en Chrissie, wat skakerings van bruin dra. Die telefoon wat Poppie antwoord, is blou; só ook haar huishulp-uniform. Anders as Mevrou en Chrissie is sy ook deel van die bestel, 'n besitting soos die telefoon.

Wanneer Poppie die huis verlaat, is sy van kop tot tone in groen geklee, vry van die bestel. Die bus waarop sy klim, is pers en só ook haar kerkuitrusting. Haar uiteenlopende wêrelde en haar skanse teen hierdie wêrelde word in kleur uiteengesit.

Boonop is haar kop altyd bedek. Wanneer sy eindelik van al die beperkinge en frustrasie, die baklei, ontslae raak, haal sy die eerste keer haar mussie af. Sy staan voor ons in 'n eenvoudige swart hemp en romp, hare kort geskeer. Sy klim op die bed en huil haarself aan die slaap.



## “OLWAGEN FOKUS OP EEN MENS SE VERHAAL EN GEE SÓ INTIEM GESTALTE AAN DIE HARTSEER WAT APARTHEID GESAAI HET.”

Olwagen vat vraagstukke wat gewoonlik in swart-wit gesien word en ondersoek die grys, of dan ligblou, areas. Die jonger geslag, die *comrades*, is ateïste en vol baklei. Die ouer geslag is gelowig, nie-gewelddadig en toegeefliker. Die *comrades* is kwaad vir die stelsel, maar ook vir die ouer mense, wat na hul mening moed ná Sharpeville verloor het. Tog is albei generasies moeg vir apartheid. Poppie se seun, ’n *comrade*, se woede spruit uit sy ma se swaarkry.

Die Nongena- en Swanepoel-gesinne is albei streng gelowig, maar hulle staan aan verskillende kante in die rasoorlog.

Poppie se Christenskap bots ook met die tradisionele geloof en medisyne, en dus met haar mense. Swart en wit polisiemanne werk saam om Poppie te vervolg. Die polisie en swart immigrante baklei saam teen plaaslike swart mense. Die Black Sash (meestal wit en Engelssprekend), die wit maatskaplike werker en selfs Mevrou sit als in om Poppie te help.

Wanneer dit blyk dat Poppie se pas nie verleng kan word nie, bars Mevrou in trane uit. Dit is Poppie wat empatie het, maar die eintlike boodskap is subtiel: “Hou op huil. Jou trane kan my nie help nie.”

Mevrou verwys deurentyd na “Meneer”, die hoof van die huis. Dit is die vroue – swart, wit en bruin; Afrikaans en Engels – wat Poppie probeer help. Dit is die mans wat “nee” sê. (Meneer is ooglopend senuweeagtig wanneer hy uitvind Poppie se papierwerk is nie in orde nie; hy besef die stelsel wat hy help in stand hou, gaan hóm dalk nou uitsonder.)

Poppie se man vra haar om te loop wanneer hy en die manne oor belangrike sake praat. Dit is nie ’n vrou se plek nie, meen hulle. Sy word van alle kante onderdruk.

Die kinders ly ook. Poppie lees vir die onskuldige Chrissie die storie van die slaaf Hagar uit die Bybel voor. Chrissie verstaan nie hoekom Hagar weggejaag word nie. Hou hulle dan nie van haar nie?

Poppie stuur haar twee jongste kinders weg om hulle uit die hande van die *comrades* te hou. Wanneer dit lyk of sy gearresteer gaan word, vra sy dat hulle haar nie voor Chrissie in die vangwa laai nie.

Clementine Mosimane se Poppie is aanvanklik neutraal, amper emosieloos. Sy loop van een kantoor na die volgende. Sy vra hulp. Sy hoop. Wanneer sy daardie hoop verloor en ineenstort, is haar totale verslaenheid soveel kragtiger. Anna-Mart van der Merwe se Mevrou is weerloos en senuweeagtig, afgebreek deur die stelsel en deur Meneer. Rolanda Marais walg as Magriet, ’n hardnekkige rassis.

Olwagen fokus op een mens se verhaal en gee só intiem gestalte aan die hartseer wat apartheid gesaai het. Poppie se frustrasie kruip onder jou vel in; jy ervaar die stelselmatige aftakeling van ’n individu, die vernietiging van drome.

Op pad werk toe koop Poppie vir haar ’n wit lelie. Sy wil haar wêreld mooi maak, sy soek méér van die lewe. Die polisie keer haar voor, die een snor vat aan die lelie en sê: “Is iemand dood?” Later, wanneer Poppie haar buitekamer moet ontruim, staan die verlepte lelie op haar laaikas. Haar drome is verpletter.

DEUR RENEY WARRINGTON
FOTO'S: JENNY GRIESEL COMMUNICATIONS